

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
4 Junie 1973

Onderwerp: Vernuwning vereis Heilsekerheid
Pinksterdiens

Lees: Jesaja 44 verse 1 tot 5

Teks: Jesaja 44 vers 5
Hebreërs 6 vers 11
Johannes 1 vers 12

Sing: Gesang 36 vers 2
Gesang 58 vers 3

“Broers en Susters, daar is iets wat my verontrus in ons kerk en in die lewe van ons lidmate. Dit is die onsekerheid oor die vraag of hulle deur Jesus Christus verlos en gered is? Só min kan met ’n ondubbelsinnige ‘ja’ hierop antwoord. En tog wil dit nie sê dat hierdie mense nie die geloof in hulle harte het nie.

“Die Apostel Johannes het aan gelowiges geskryf: ‘Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.’ (1 Joh 5:13)

“Hieruit moet ons aflei dat mense wat op Jesus Christus vertrou, tog nog kan aarsel op die vraag of hulle ewig ’n kind van God is. Diep in hulle harte glo hulle; en tog twyfel hulle oor hul eie geloof.

“Maar Broers en Susters, dan is dit steeds ’n abnormale en ongesonde toestand. Daar behoort geen twyfel in ons harte te wees nie. En as daar twyfel of onsekerheid heers, moet die onsekerheid oorwin word.

“Sekerheid is noodsaaklik. Die skrywer aan die Hebreërs sê dat ons met ywer volkome sekerheid moet bekom: ‘Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe ...’ (Hebr 6:11) As voorvereiste hiervoor, moet die Heilige Gees in ons harte wees om saam met ons te getuig. Paulus skryf: ‘Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is’. (Rom 8:16)

“Om sonder heilsekerheid te wees, beteken ’n ernstige gebrek aan ware vrede en die blydskap wat ware gelowiges kenmerk. Verder is dit duidelik, dat

hulle wat nie geloofsekerheid het nie, nie werklik 'n getuie van die saligmakende krag van Jesus Christus kan wees nie. Hoe kan ons die hoop op die Ewige lewe aan iemand anders verkondig, terwyl ons dit self ontbeer? Sonder geloofsekerheid word ons ook gekortwiek in ons heiligmaking, want ons heiligmaking is afhanklik van ons verhouding en ons gemeenskap met Jesus Christus. Wie Jesus Christus nie bewustelik vertrou in sy redding en saligmaking nie, ontbeer die wortel waarop die nuwe lewe moet groei en vrugte dra. Wanneer 'n mens dus onseker is, dui dit op ongehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

“Teen hierdie agtergrond is heilsekerheid sekerlik nie net 'n voorreg nie, maar 'n gebod en noodsaaklike verpligting. Dit is nie net 'n verpligting teenoor onself nie, maar ook 'n verpligting waaronder die liefde van God ons plaas. Immers eers wanneer ons eie hart voor God oopblom in wederliefde, vertrou en sekerheid as gevolg van God se genade, het God se liefde in ons volkome geword.

“Geloofsekerheid word net in Jesus Christus gevind: ‘Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo’. (Joh 1:12) Daar is geen heilsekerheid buite Jesus Christus nie. Daarom skryf Johannes: ‘Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie’. (Joh 3:36)

“Paulus skryf: ‘As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.’ (Rom 10:9,10)

“Heilsekerheid kan nie op grond van 'n eenmalige besluit of ondervinding bekom word, sonder voortgaande lewende geloofskontak met die Here Jesus nie. Jesus Christus is die wesenlike hoofvereiste vir geloofsekerheid. Hy is die Saligmaker wat God voorsien het. Hy is die Plaasvervanger wat nie alleen in ons plek die wet van God volbring het nie, maar ook die straf vir ons sondes en oortredinge gedra het. Deur Jesus Christus se sterwe en dood aan die kruis het Hy ons verlossing 'n werklikheid gemaak.

“Dit beteken dat ons, ons sondes sal ken; dat ons sal beseft dat ons God met ons sondes mishaag. Dit beteken dat ons die Woord van God sal glo wat sê dat Jesus Christus die straf vir ons sondes gedra het en dat ons Jesus Christus aangeneem het as ons enigste

Saligmaker en Middelaar tussen God en onself. Ons moet tot God bid en Hom dank en die versekering aan ons hart druk, dat wie Hom só gelowig aangeneem het, van God die mag en reg ontvang om God se kind en erfgenaam te wees: 'Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus'. (Rom 8:16,17)

"Broers en Susters, ons verlossing en saligmaking is so werklik as wat Jesus Christus werklik gelewe, gely en vir sondaars gesterf het. Dit kan egter 'n werklikheid buite jouself wees, sonder dat jy dit jou eie gemaak het. Juis daarom word ons vermaan om Jesus Christus aan te neem.

"As voorvereiste vir geloofsekerheid, moet die Heilige Gees in jou hart wees. En vervulling met die Heilige Gees is nie 'n seën waarna die kind van God sy lewe lank moet soek met die hoop om dit eenmaal in besit te kry nie. Nee, Broers en Susters, vervulling met die Heilige Gees is die normale geestelike lewe wat God vir sy kinders bestem het. Dit is die geestelike toerusting wat ons elke dag nodig het vir ons lewenstaak en lewenstryd. Daarom is God se bevel: '... word met die Gees vervul.' (Ef 5:18)

"Ongehoorsaamheid aan hierdie bevel is dus sonde teen God. Nog meer, dit is 'n bevel wat geen uitstel duld nie, maar wat nou uitgevoer moet word.

"Daar is geen skriftuurlike gronde om te wag op die Heilige Gees nie. Hy het reeds gekom op Pinksterdag en woon in die Kerk van Jesus Christus. Dit is dus nie ons wat op die Heilige Gees wag nie, maar die Heilige Gees wat op ons wag. Hy verlang om die werk in ons te doen waarvoor die Vader Hom gestuur het, naamlik om ons ou lewe onder heerskappy van Jesus Christus te stel.

"God wil dat ons hele lewe, ja elke gedagte, woord en daad, oomblik na oomblik, onder die volle heerskappy van die Heilige Gees sal staan. Daartoe het Hy ons verlos.

"As u 'n lewe van oorwinning wil lei oor die Satan en die vlees; as u verlang dat Jesus Christus hoe langer hoe meer gestalte in u lewe sal kry; en as u verlang om God in alles te behaag, dan moet u gehoorsaam wees aan God se bevel: 'word met die Gees vervul.'

"Het u al u twyfel onderbreek en op u knieë geval en aan die HERE gesê: Jesus, ek is 'n sondaar. Ek neem U aan as my Verlosser; en ek glo dat U my aanneem as

u kind? Bely u met vrymoedigheid: 'Ek behoort aan die HERE' (Jes 44:5)?

"In eintlike sin bely ons nie die geloofsekerheid as sodanig nie, maar die Naam van Jesus Christus in wie ons geloof geanker is. Hierdie belydenis is van deurslaggewende belang.

"Broers en Susters, die afwesigheid van vrymoedige getuienis van ons kindskap van God en van ons vaste hoop op die ewige lewe is 'n simptoom van veragtering wat roep om vernuwing. Het hierdie belydenis nie in 'n groot mate onder ons lidmate prakties uitgesterf nie?

"Kom ons maak vanaand met sekerheid ons persoonlike belydenis met die woorde van Johannes 3 vers 16: 'Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.'

"Amen."